**Gebedsgids – Herfs 2025**




**30 Maart – 5 April**

**Chili:** Bid dat Dowes in Chili toegang tot 'n gratis aanlyn Bybelhulpmiddel in hulle taal sal kry wat hul na Jesus sal lei en hulle toerus om dit met ander te deel. Bid ook vir die ontwikkeling van teologiese opleiding vir pastore en studente.

**Ecuador:** Bid vir die verspreiding van 1 000 Bybels aan inheemse Christene in Ecuador wat die *Faith Comes By Hearing*-luisterprogram bywoon, maar nie hulle eie Bybels het nie. Bid vir pastore, leiers en personeel terwyl hulle reis om bybelse materiaal te versprei.

**6 – 12 April**

**Peru:** Bid vir die Shipibo- Conibo-mense in Peru wat lank gewag het vir die volledige Bybel in hulle taal. Hierdie projek het ten doel om die Ou Testament te vertaal en die Nuwe Testament te hersien. Bid vir die Shipibo-Conibo-gemeenskap, vir kinders, jongmense en volwassenes om God se Woord te verstaan, en vir voldoende befondsing om die vertaling te voltooi.

**Brasilië:** Bid vir die vertaling van Bybelverhale en die Nuwe Testament in Pomerano. Hierdie projek sal 300 000 sprekers raak, hulle kultuur bewaar en hul in staat stel om God se Woord in hul moedertaal te lees.

**13 – 19 April**

**Paraguay:** Bid vir die dringende behoefte aan 'n nuwe Bybelvertaling vir die Nivacle Katolieke gemeenskappe in Chaco. Hierdie projek sal Bybels wat die Deuterokanonieke boeke insluit, beskikbaar stel om uitreikpogings te ondersteun.

**Bolivia:** Bid vir ons projek wat daarop gemik is om die Bybel te gebruik om gesinswaardes te herstel. Hierdie inisiatief sal hulpmiddels verskaf om gesinne te help met kwessies soos mishandeling, ontrouheid en depressie.

**Argentinië:** Bid vir die vertaling van die Nuwe Testament in Wichí Bermejo, 'n taal wat deur 31 500 Argentiniërs gepraat word. Bid vir die vertalers se volgehoue vordering en vir die sukses van hierdie deurslaggewende projek.

**20 – 26 April**

**Uruguay:** Bid vir die sukses van 'n projek wat daarop gemik is om kwesbare kinders in Uruguay te help om hul geloof uit te druk deur Bybelstories te teken. Hierdie hulpmiddel sal Bybelskole in hoërisiko-gemeenskappe ondersteun, waar baie kinders mishandel en verwaarloos word. Bid vir wysheid vir die onderwysers en leiers en vir hulpmiddels om diegene in nood te bereik.

**Venezuela:** Bid vir die voorsiening van Bybels aan kerke in Venezuela waar inflasie en hoë produksiekoste toegang tot die Bybel moeilik maak. Bid vir die pastore, vrywilligers en vennote wat by die projek betrokke is.

**Colombia:** Bid vir die sukses van ons projek wat Bybeltoegang bied aan die Dowe gemeenskap wêreldwyd, veral in landelike gebiede. Bid vir die platform om Bybels en Bybelgedeeltes effektief in verskeie gebaretale te versprei.




**27 April – 3 Mei**

**Laos:** Bid vir die Hmong-geletterdheidsprojek in Laos, wat daarop gemik is om ongeletterde mense te help om Bybelmateriaal in hulle moedertaal te lees. Hierdie inisiatief sal baie mense in landelike gebiede bevoordeel.

**Viëtnam:** Bid vir die vertaling van die Bybel in die Nung Chao-dialek, ’n taal wat deur meer as 600 000 mense in Noord-Viëtnam gepraat word. Hierdie projek sal die Nung Chao-mense in staat stel om toegang tot God se Woord in hulle moedertaal te kry.

**Kambodja:** Bid vir ons projek wat Bybellees binne gesinne aanmoedig. Hierdie inisiatief het ten doel om deur gesamentlike Bybelstudie en aktiwiteite geestelike groei in gesinne te versterk.

**4 – 10 Mei**

**Mianmar:** Bid vir talle Bybelvertalingsprojekte in verskillende tale waarmee ons tans begin. Bid vir die veiligheid van ons vertaalspanne en dat die werk van elke rolspeler die guns en seën van God se hand daarop sal hê.

**Thailand:** Bid vir die voltooiing van die Thaise Studiebybel teen 2026 wat kultureel-relevante studienotas bevat wat deur plaaslike vakkundiges geskryf is. Bid vir wysheid vir die skrywers en dat kerkleiers en lidmate hierdeur verryk sal word.

**Maleisië:** Bid vir die *Family Bible 100 Steps*-projek, wat 1 000 Engelse en 500 Tamil Bybels versprei onder gesinne en kerke wat met minderbevoorregte kinders werk. Bid vir die suksesvolle verspreiding en sterker verhoudings met kerke.

**11 – 17 Mei**

**Nepal:** Bid vir ons *Golden Jubilee*-pogings om 5 000 Bybels aan minderbevoorregte gemeenskappe te versprei. Bid vir befondsing, vlot implementering en blywende geestelike impak. Bid ook vir die *Save the Family*-program, wat uitdagings in Christen gesinne aanspreek.

**Singapoer:** Bid vir ons pogings om saam met ander Bybelgenootskappe uit te reik na lande en mense om die hoop van die Woord en broodnodige humanitêre hulp te bring te midde van politieke onrus, oorloë en ekonomiese onstabiliteit. Bid vir groter bewusmaking oor die belangrikheid van die bybelse boodskap en vir die nodige fondse en ondersteuning.

**Mongolië:** Bid vir die Tuvan Bybelvertalingsprojek wat daarop gemik is om ’n Bybel in Tuvan beskikbaar te stel en ’n geskrewe taal vir die gemeenskap te vestig. Bid vir die beskerming en leiding van die vertalers en hulle gesinne. Bid ook vir die *Braille Window*-projek, wat aan siggestremdes in Mongolië hoop bring.

**China Vennootskap:** Bid vir die voorsiening van bekostigbare Bybels vir China se groeiende Christenbevolking, insluitend grootdrukuitgawes vir bejaardes. Bid vir ons mikpunt om 1,3 miljoen bekostigbare Bybels en 70 000 gratis eksemplare vir behoeftiges te verskaf. Bid ook vir die Chinese Studiebybelprojek.

**18 – 24 Mei**

**Japan:** Bid vir die Japannese Gebaretaal Bybelvertalingsprojek wat die Bybel vir Dowes toeganklik sal maak. Bid vir eenheid onder die vertalers, voorsiening van alle nodige hulpmiddels en produktiewe samewerking met internasionale vennote.

**Suid-Korea:** Die Koreaanse Bybelgenootskap het sedert2008 meer as 1,6 miljoen Bybels en Bybelgedeeltes geskenk om Bybelgenootskappe wêreldwyd te ondersteun. Bid dat ons die diens wat ons aan Koreaanse kerke bied, sal kan versterk en ook ons missie om God se Woord te deel deur vertaling, publikasie en verspreiding, kan vervul.

**Noord-Korea:** Dit is onwettig om Bybels in Noord-Korea te besit of te versprei. Bid vir die pogings van Bybelsendingorganisasies wat in die verlede diskrete maniere gebruik het om Bybels aan die ondergrondse Kerk in hierdie land te versprei. Bid vir die veiligheid van Christene in Noord-Korea en dat God sal aanhou om hulle te bemoedig en dat sy Woord hulle sal bereik.




**25 – 31 Mei**

**Nederland en Vlaandere:** Bid vir die *BibleBooster*-projek wat Bybelgenootskappe toerus met digitale hulpmiddels om Bybelbetrokkenheid onder mense aan te moedig, gemeenskappe te bou en volhoubaarheid te verbeter. Vra vir wysheid terwyl ons Bybelgenootskappe in hul digitale transformasie ondersteun.

**Switserland:** Bid vir ons pogings om God se Woord aan gevangenes, hospitaalpasiënte, migrante en vlugtelinge te bring. Ons bid vir krag en wysheid vir kapelane terwyl hulle Bybels versprei en geestelike ondersteuning bied. Bid dat die bybelse boodskap hoop, vertroosting en transformasie sal bring.

**België:** België was voorheen 'n tradisionele Katolieke land, maar is tans een van die mees sekulêre nasies in Wes-Europa. Hoewel die land voorspoedig is, het dit aan Christelike waardes verarm. Baie Belge is apaties teenoor die Evangelie en ateïsme is aan die toeneem. Bid vir herlewing en 'n behoefte aan God se Woord.

**1 – 7 Junie**

**Republiek van Ierland:** Bid vir ons pogings om met alle Christelike kerke en individue saam te werk om Bybelhulp-middels, gidse en Bybelstudiemateriaal, hulp en kundigheid te verskaf. Bid dat ons versterk sal word terwyl ons fondse insamel vir die vertaling, produksie en verspreiding van God se Woord in ander lande.

**Noord-Ierland:** Bid vir ons *Whole Family Bible Engagement*-inisiatiewe, insluitend *Bibles for Babies*, *Lament* en *52*. Vra God om die geloof van kinders, gesinne en kerkgemeenskappe te verdiep soos hulle hierby betrokke raak. Bid dat die Wêreldbiddagtema, "Ek weet watter planne Ek vir jou het", tot nadenke en hoop sal lei.

**Engeland en Wallis:** Bid vir die *African Biblical Leadership Initiative* (ABLI), wat daarop gemik is om Afrikaleiers deur die Bybel leiding te gee. Bid vir wysheid vir die organiseerders, impakvolle besprekings en wye deelname. Bid ook vir transformasie in leierskap regoor Afrika wat gewortel sal wees in bybelse beginsels van geregtigheid, vrede en sosio-ekonomiese ontwikkeling.

**Skotland:** Bid vir die Bybelgebaseerde Traumagenesing-program. Vra God om fasiliteerders toe te rus, genesing aan deelnemers te bring, asook vir die ontwikkeling van hulpmiddels vir jongmense. Mag hierdie inisiatief help om mense weer na die Bybel te lei en hoop te gee in die aangesig van trauma.

**8 – 14 Junie**

**Ysland:** Christenskap is sedert 1000 AD die oorheersende geloof hier. Terwyl die Kerk van Ysland die grootste denominasie bly, het die ledetal afgeneem, met groeiende sekularisme en nuwe godsdienstige bewegings. Bid vir hernude geloof, effektiewe bediening en wysheid vir kerke.

**Faroëreilande:** Bid vir gelowiges op hierdie afgeleë eilande, een van Europa se mees Christelike nasies. Dank God vir die Kerk se getrouheid en deursettingsvermoë. Vra vir sy seën op hulle kreatiwiteit, gemeenskap en gesamentlike bediening. Bid dat hulle afgesonderheid hul geloof sal verdiep, hulle 'n lig vir die wêreld sal wees en 'n getuienis van God se ewige liefde.

**Denemarke:** Alhoewel meer as 70% van die Deense bevolking geregistreerde kerkgangers is, sien minder as 'n vyfde van die Dene hulleself as baie godsdienstig. Bid vir die pogings van die Deense Bybelgenootskap om meer betrokkenheid met die Bybel te bevorder en dat die Woord van God vrugbare grond sal vind in die harte en gedagtes van diegene wat oop is vir die Evangelie.

**15 – 21 Junie**

**Spanje:** Dank God vir die samewerking met die Evangeliese Kerk Cristo Vive in die Bybel-en-Kultuur-uitstalling. Bid dat besoekers sal groei in hulle begrip van die bybelse boodskap. Bid vir diegene wat deur die Valencia-vloede geraak is en vir die Bybelverspreidingsprojek wat migrante uit Noord-Afrika bereik wat tussen Europa en Marokko reis.

**Frankryk:** Loof die Here vir die vennootskap tussen die Franse Bybelalliansie en gevangeniskapelane wat sedert 2016 reeds 23 000 Bybels aan gevangenes verskaf het. Bid vir die voortdurende impak van hierdie Bybels en die kapelaansprogramme, dat hulle hoop, bekering en transformasie sal bring aan diegene in die gevangenis.

**Portugal:** Bid vir ons Portugese Gebaretaal Bybelvertaling wat God se Woord aan Dowes in hulle hartstaal bring. Vra vir sukses met die vertaling van Genesis, Markus en ander sleutelgedeeltes, en dat lewens verander sal word. Bid vir wysheid in die aanpak van taalkundige en teologiese uitdagings en vir finansiële en tegniese hulpbronne om hierdie noodsaaklike werk te voltooi.

**22 – 28 Junie**

**Swede:** Prys die Here vir die voortgesette werk om ’n nuwe Sweedse vertaling van die Nuwe Testament teen 2026 te voltooi. Bid vir die redaksiespan en proeflesers, die komende vertaalkonferensie by Stockholm Universiteit, en dat hierdie poging ’n duidelike en kultureel-relevante Bybel sal produseer wat groter betrokkenheid met die Bybel sal bevorder.

**Finland:** Bid vir die Finse Bybelgenootskap se pogings om wêreldwye geletterdheidswerk te versterk, veral onder vroue en minderheidstaalgroepe. Loof die Here vir hulle leierskap in die ondersteuning van Bybelgenootskappe deur opleiding en koördinering. Bid dat hierdie inisiatief effektiewe geletterdheidsprojekte sal bemagtig, Bybelgenootskappe se impak sal versterk en kerke wêreldwyd in hulle sending sal ondersteun.

**Noorweë:** Ons is dankbaar vir die voltooiing van die Suider-Sami Nuwe Testament wat al dekades aan die gang is. Die bekendstelling van hierdie vertaling verlede jaar was ’n belangrike mylpaal vir die Suider-Sami-gemeenskap. Loof God vir die vertalers se toewyding en die Bybelgenootskap se pogings om hierdie taal deur die Bybel te herstel. Bid dat hierdie tekste in hulle hartstaal mense se hoop en geloof sal versterk.